



Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig

**Sondag, 25 Oktober 2026
Hervormingsondag en Nagmaal**

Van koning tot kneg omdat die Kneg, Koning is!

*“... sodat in die Naam van Jesus elke knie sal buig –...en elke tong sal bely,
‘Jesus Christus is die Here!’ tot eer van God die Vader.”*
(Filippense 2:10-11)

*“Toe die centurio en dié wat Jesus saam met hom bewaak het, die skudding en die dinge
wat gebeur, sien, was hulle vreesbevange en het gesê: ‘Hy was werklik Seun van God.’”*
(Matteus 27:45)

*“Daar was tienduise maale tienduise, duisend maale duisende, wat met harde stemme
uitroep: ‘Waardig is die Lam wat geslag is, om die krag en rykdom en wysheid en sterkte
en eer en heerlikheid en lof te ontvang.’”*
(Openbaring 5:11-12)

*“Jesus Christus is die Here!” – Dit is... die belydenis van die heelal, die loflied van die miljoene
der miljoene eng'le, ... die uitroep van 'n Romeinse soldaat wat sien hoe die Kneg as Koning
sterf, beleef hoedat die aarde skud rondom hom en die son ophou skyn, ... die trane van 'n
sondige vrou wat op sy voete drup, vol berou, gebroke op haar knieë, haar hare al waarmee
sy die traanstrepies van sy voete kan vee, ... die boodskap wat twee verslae dissipels aan
die ander gaan oordra na Jesus by hulle tafel die brood gebreek het, ... die belydenis
wanneer Maria Magdalena se knieë die grond tref langs die leë tuingraf. Tonge en knieë,
woorde en liggaam, lewende en heilige offers, dit is die ware godsdiens.*

Tonge en knieë reageer alleen wanneer hulle 'n antwoord kry op die vraag – Wie is Jesus?
Wie is hierdie Jesus by wie se tafel jy aansit vandag? Wie is hierdie Jesus voor wie se opdrag
die see en die wind kalm word? Wie is hierdie Jesus wat as kindjie in Betlehem gebore is,
maar wie se verhaal ouer is as dié van die heelal? Wie is hierdie Jesus wat blindes laat sien
en dowes laat hoor, wat die wat dood was lewend maak? Wie is hierdie Jesus wat op Golgota
aan 'n kruis sterf en daarmee die toekoms van die wêreld verander? Wie is hierdie Jesus
wie se graf leeg is en wat in die hemel opgeneem is? Wie is hierdie Jesus wanneer jy skuldig
en veroordeel staan voor die Regter van alles? Wie is Hy wanneer Hy in jou plek kom staan?

Is dit Hy oor wie jou tong nie kan ophou praat nie, voor wie jou knieë die grond tref?

– ds. Johan Marais

Hartlik welkom by ons Nagmaalsdiens vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais en ons
orrelis, tannie Magdaleen Venter in die kerk; die gesinsdiens in die saal deur prof. Jan-
Albert van den Berg en met begeleiding deur dr. Matildie Wium.

Welkom ook aan besoekers, veral die families en vriende van dié 31 belydeniskatgisante
wat gisteraand hier van hul geloof in Christus getuig het; en welkom aan diegene wat via
ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens
inskakel. Hierna volg die liturgie vir die diens en indien jy 'n Liedboek of Bybel benodig, daar
is by die ingangsdeure beskikbaar – neem gerus een en deel in ons liturgie.

LITURGIE

Votum: Openb. 5:11-12 “...*Waardig is die Lam wat geslag is...*”
Lied 176:1 (3x) Halleluja! U is Koning
(Beurtsang: mans-vroue-almal)
Aansteeke van die wydingskers

Seëngroet: Fil. 1:2 “*Genade vir julle en vrede van God...*”

Loflied: Lied 209:1 (2x) Heer met my hele hart

Gebed: Lied 266:1 Ons Vader wat woon

Skriflesing: Filippense 2:5-11

Woordbediening: Tema: Van koning tot kneg omdat die Kneg, Koning is!

Gebed: Stilgebed in antwoord op die hoor van die Woord

Wat is jou enigste troos in lewe en sterwe? Lied 292:1 My enigste troos

Nagmaalsformulier

Verootmoediging

Lied: Lied 510:1, 2, 3 & 4 Genade onbeskryflik groot

Geloofsbelydenis: Apostoliese geloofsbelydenis

Tafelgebed

Intstelling van die tekens van die sakrament

Jong belydende lidmate kom haal die tekens voor by die tafel

Lofverheffing: Fil. 2:9-11 “...*Jesus Christus is die Here!*”

Liefdegawe

Slotlied: Lied 280:1, 2 & 3 Here, Redder, groot en magtig

Seën

Amen en Orrelnaspel

Jy is welkom om te bly sit en na die orrelnaspel te luister, tyd vir ‘n nagedagte en dank.

Ander Eredienste:

Sondag, 25 Okt.	15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). 18:00 – Ds. Jan Lubbe: Fees van die Liedboek (met GKSA Bfn-Noord en ander besoekers, hier by Berg-en-Dal).
Sondag, 1 Nov.	09:00 – Ds Jan Lubbe (ook gebed met oog op verkiesing); gesinsdiens in saal – ds. Johan Marais. 16:00 – “Songs of Celebration” St. Michael’s School (sagte kollekte).

Ds. Jan Lubbe is vanoggend by die Congregational Church in Batho, waar 'n gesamentlike erediens van gereformeerde kerke, asook die Lutherse-, Presbiteriaanse-, Metodiste- en Rooms-Katolieke Kerk onder leiding van die Church Unity Commission gehou word.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

- 25 Okt. Gerhard Coetzer, Karen Herbert, Rita Kok, Alwyn Smith en Caty Maré.
- 26 Okt. Johan Botha en Chris de Wet.
- 27 Okt. Leana Fourie, Pieter Potgieter, Lizelle Rossouw en Huanita Viviers.
- 28 Okt. Willem Brink, Marietha du Plessis en Izak Louw.
- 29 Okt. Danna Havenga en Linda Raath.
- 30 Okt. Bianca Botha, Marlé Jansen, Lood Pretorius, Lize van den Berg, Leoni van der Walt, Annemarie van Zyl en Magdaleen Venter.
- 31 Okt. CF du Plessis en Petro Fourie.

Ons is bly en dank die Heer vir dié 31 belydeniskatgisante wat gisteraand hier voor God en die gemeente van hulle geloof getuig het:

Sondaggroep (Berg-en-Dal): Jan-Daniël Adendorff, Reinhardt Bezuidenhout, Lihan Botes, Amélie Jansen, Milan Kruger, Philip le Roux, Luan Oberholzer, Rossouw van de Wall en Carlin van Rooyen.

Woensdaggroep (Eie Haard-koshuis): Matthew Azar (Bfn.), Melienke Barnard (Bfn.), Janre Bornman (Excelsior), Illanze du Plessis (Rosendal), Sarah Ferreira (Bfn.), Chané en Lune Fourie (Jacobsdal), Dani en Thomas Fourie (Hopetown), Aimee Graham (Springfontein), Zaniëlle Groenewald (Vryburg), JF Human (Verkeerdevlei), Lea Jansen van Vuuren (Bfn.), Lehanco Malan (Bfn.), Petrus Pienaar (Winburg), Wicus Pretorius (Aliwal-Noord), Catherine Trinder-Smith (De Wetsdorp), Lia van der Westhuizen (Aliwal-Noord), Cala en Kayla Welgemoed (Bfn.), Anso Wessels (Bfn.) en Kaylin Wilmot (Trompsburg).

Ons gebede is verder vir almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); Marie Dippenaar (Thompsonstr. 5b, wyk 14); Twanette Koekemoer (Genl. Conroystr. 44, wyk 9b) en Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a). Ons dink ook aan Yvonne du Toit wie se moeder verswak het; aan iedereen wat 'n siek of verswakte familielid ondersteun; mag jul die nodige krag ontvang, en die nabyheid van die Here beleef.

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak ds Johan Marais (084 517 8052) wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

“Nuuutgemaak! Kyk met nuwe oë na Jesus en die wêreld” (uit die Lukas-evangelie):

Woensdagaand: 19:00 in die Konsistorie – ds. Janke Hurter (082 784 9362).

Donderdagoggend: 09:00 in Konsistorie – ds. Johan Marais (084 517 8052)

KERKRAADSAKE

Komitee vir Geldsake: Maandag, 26 Oktober om 17:30
Dagbestuur: Maandagaand, 2 November om 18:00
Spesiale Kerkraadsvergadering: Sondag, 8 November om 09:00

Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:

In Oktober sorg **Wyke 2, 3 en 4** (noordelike- en westelike hange van Grant's Hill, agter die kerk om) vir ons gasvryheid; Sondae met tee en koffie in die binnehof en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy hiermee wil help, kontak die kerkkantoor (073 180 3193).

BEDIENINGE

GEMEENTEBEDIENING

Nuus uit ons Boekwinkel: *Uit die Beek*-dagboek vir 2027 (Stephan Joubert) @ R 220.

Vrouebediening: Ons benodig nog Wykskoördineerders vir 2027 – wil jy graag help? Kontak Germanie by 079 038 4038.

JEUGBEDIENING

Graad 7 Erediens – 8 November om 18:00

Alle Graad 7's en hul ouers, oupas en oumas, en maats word uitgenooi om hierdie spesiale erediens by te woon vir die voltooiing van jou Laerskooljare en die oorgang na iets nuuts...

Kategese: Ons Kategese vir 2026 sluit op Sondag, 15 November af; én, ons benodig ook entoesiastiese- en toegewyde kategete vir 2027 – kontak die leraars as jy wil kom help...

GETUIENISBEDIENING

Gemeentemark & "African Taste and Talent Festival":

Ons nooi almal uit om op Vrydag, 30 Oktober 2026, ons Gemeentemark te besoek, en vanaf 12:00 tot 17:00 'n vrolike fees van geurige geregte, vermaak en musiek hier op ons terrein mee te maak; 'n projek waarmee Tweetoringkerk/Towers of Hope en Berg-en-Dal handevat. Ons kort nog helpers vir Berg-en-Dal se kosstalletjie – kontak Marthina by 072 397 1624.

DIENSVERHOUDINGE & EIENDOMME

Berg-en-Dal benodig 'n nuwe koster vir diens op Sondae en Woensdae – meer besonderhede is by die Kerkkantoor beskikbaar (073 180 3193). Aansoeke sluit Maandag, 2 November; stuur CV na kantoor@bergendalkerk.co.za. Diensaanvaarding: 1 Desember 2026.

EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir daardie Sondag – vanoggend, 25 Oktober: **Missie Japan**. U kan 'n dankoffer via eft of SnapScan na Berg-en-Dal oorbetal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005)**.

 SnapScan



Baie dankie aan Jaco Albertse (Albertse Staal) vir die herstel van Berg-en-Dal se naambord voor die kerk – ons waardeer dit!